# Post-apartheid Pretoria: Verskuiwings in die sosio-ruimtelike landskap, 1996-2001*

**M.S. Badenhorst, P. Van Helden & M.D. Schoonraad**

Voorgelê aan *Stads en Streeksbeplanning* op 8 Augustus 2005; hersien op 10 Oktober 2005.


## Abstrak

Die artikel ondersoek bevolkingsverskuiwings en ander verbandhoudende sosiale ver skynsels in die funksionele gebied van Groter Pretoria wat tans as die Stad Tshwane Metro politaanse Gebied bekend staan. Die ondersoek is gebaseer op data uit die 1996 en 2001 nasionale sensusse. Bevindings is dat swartmense in voorheen 'wit' woongebiede regoor die stad ingetrek het, alhoewel nie oral in gelyke maat nie. Hul roete van in beweging volg grootliks die weg van minste weerstand deur die ouer laer inkomste gebiede aan die westekant van die middestad. Alhoewel 'n aantal voormalige 'wit' woongebiede oorwegend 'swart' geword het, het algemene segregasievlakke nietemin ietwat verstewig in die periode van ondersoek. Randliggende swart townships het eksklusief swart gebly en vanweë hul uitbreiding is ou apartheidspatrone verstewig. Duidelik onderskeibare kerngebiede is besig om te ontwikkel met hoë inkomste, oorwegend blanke woongebiede, wat al verder suid ooswaarts uitbrei. Dit het ook na vore gekom dat daar 'n grootskaalse herverspreiding van verbandhoudende sosiale verskynsels soos huis houdelike inkomste, opleiding en werkloosheid, plaasgevind het.

## POST-APARTHEID PRETORIA: SHIFTS IN THE SOCIO-SPATIAL LANDSCAPE 1996-2001

The article examines shifts in population and related social phenomena in the functional area of Greater Pretoria, presently known as City of Tshwane Metropolitan Municipality. The study was based on data from the 1996 and 2001 national censuses. It was found that blacks have moved into the former 'white' neighbourhoods, albeit not in equal measure and that their movement mainly follows the route of least resistance through the older, lower income areas to the west of the city centre. Although a number of formerly 'white' neighbourhoods became predominantly 'black' in the period of study, overall segre gation levels have in fact increased slightly. Peripherally located black townships remained exclusively black and through their extension, old apartheid patterns became even futher entrenched. Distinct core areas are in the process of taking shape with high income, pre dominantly white neighbourhoods, moving further away in a south easterly direction. Also evident was a large scale redistribution of concomitant social phenomena such as household incomes, skills levels and unemployment.


* Verwerk uit 'n gelyknamige referaat wat gelewer is tydens die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se simposium 'n Dekade van demokrasie wat op 24 25 Junie 2004 op die Potchefstroomse kampus van die Universiteit van Noordwes gehou is.

## 1. INLEIDING

Sedert die vroegste tye het stede nog altyd ruimtelike uitdrukking gebied aan die maatskaplike, ekonomiese en politieke aktiwiteite van hul inwoners (Van der Merwe, 1993: 481) en van die struktuur van die samelewings waarbinne dit aangetref word (Herbert & Johnston, 1976: 5). Der halwe kan stede nie los beskou word van die samelewing waarbinne dit ontwikkel het nie (Badenhorst, 1987: 2). Skrywers en navorsers vanuit die ver skillende dissiplines wat die verwant skap tussen sosiale proses en ruimtelike patroon bestudeer is dit gevolglik eens dat die kenmerke van die samelewing, en meer spesifiek die verdelings in die samelewing, in die stedelike landskap gestalte vind in waarneembare patrone van residensiële differensiasie en dat (intrastedelike) geografiese afstand tussen groepe meermale 'n maatstaf bied van die sosiale afstand tussen die lede van die onderskeie groepe (Badenhorst, 1978: 2). Volgens dieselfde skrywers bestaan daar eweneens 'n noue verwantskap tussen geografiese (fisiese) ruimtes en sosiale ruimtes in die stad. Geo grafiese ruimte is naamlik ruimtes wat afgebaken kan word op grond van ondermeer erfgrootte, woningtipe, huispryse en omgewingsgehalte, terwyl sosiale ruimtes in terme van demografiese, ekonomiese, kulturele, etniese en ander eienskappe begrens kan word. Die woongedeeltes in die stad vorm gevolglik 'n mosaïek van woongebiede wat gekenmerk word deur die voorkoms van middelklas woongebiede, eksklusiewe hoë status woongebiede, slums, ghetto's enso meer. Die voorkoms van die verskil lende tipes woongebiede en sosio ekonomiese klasse speel op sy beurt weer 'n bepalende rol in die (toekomstige) vestigingsbesluit van

Prof. M.S. Badenhorst (D. Phil.), Departement Stads en Streekbeplanning, Universiteit van Pretoria, Suid Afrika.
Prof. P. Van Helden (Ph. D.), Departement Geografie, Geo informatika en Meteorologie, Universiteit van Pretoria, Suid Afrika.
M.D. Schoonraad (Ph.D.), Departement Stads en Streekbeplanning, Universiteit van Pretoria, Suid Afrika.

huishoudings (Herbert & Johnston, 1976: vii) omdat bepaalde tipes wonings en mense, en alles wat daarmee saam hang, tot bepaalde gedeeltes van die stad beperk is. Dit geld natuurlik ook vir die voorkoms van sosiale probleme en ander mens verwante verskynsels soos onder meer werkloosheid en armoede (Badenhorst, 1987: 153; Herbert & Johnston, 1976: 2 3).

Voorgaande prosesse/patrone is natuurlik beperk tot stede in die Engels sprekende wêreld, dit wil sê Australië, Kanada, Nieu Seeland, Noord Amerika en die Verenigde Koninkryk, met ander woorde lande waar die kapitalistiese etiek sterk is en waar mededinging op sosiale en ekonomiese terrein aan die orde van die dag is (Herbert & Johnston, 1976: 6). Hierdie samelewings verkeer in wat allerweë bekend staan as die 'post industriële' fase van eko nomiese ontwikkeling, en hulle ver toon hoë vlakke van verstedeliking (Herbert & Johnston, 1976: 1). Vanweë hul noue ooreenkoms met hierdie (Eerste Wêreldse) stede val die voor malige 'blanke' gedeeltes van Suid Afrikaanse stede ook in hierdie kate gorie (Smith, 2003: 29; Van der Merwe, 1993: 493; Badenhorst, 1987: 253). Daar word voorts na hierdie stede as 'Westers Amerikaanse stede' verwys.

Die vraag is natuurlik waarom ont /bestaan die residensiële mosaïek in hierdie stede? Die verklaring is vanself sprekend ingewikkeld en omvangryk (Badenhorst, 1987 vir 'n ontleding van die prosesse wat die residensiële struktuur van Suid Afrikaanse metro politaanse gebiede bepaal). In wese kom dit daarop neer dat die same lewings waarna hierbo verwys is ge stratifiseer is in terme van sosio ekonomiese klas. Ten grondslag van die stratifikasie lê die besit van differensiële hoeveelhede rykdom, aansien en mag, dit wil sê die voordele wat gekoppel is aan (suksesvolle) mededinging in die kapitalistiese stelsel. Hoe meer suksesvol die deel nemer in dié stelsel is, des te groter is die voordele wat hom/haar toeval, en des te groter is die keuses wat hy/sy kan uitoefen met betrekking tot ondermeer 'n woning en 'n woonplek in die stad. In die stelsel werk dit so dat die rykste/invloedrykste persoon tipies eerste keuse (kan) uitoefen en gevolglik ook die beste (grond/ omgewing) vir hom/ haarself kies. Die gene met die tweede meeste rykdom, aansien en mag kies op hul beurt die beste wat oorbly totdat diegene met die minste rykdom en mag op die ou end maar tevrede moet wees met die grond, behuising of wat ookal, wat oorbly, of waarheen hulle deur welsyns instellings gestuur word. Logieserwyse behels laasgenoemde tipies die on aantreklikste behuising/ gebiede waar in niemand belang stel nie. Dit is helaas 'n algemeen aanvaarde feit dat kompetisie in die stelsel nie op 'n ge lyke grondslag geskied nie omdat die gene met die meeste rykdom en mag die distributiewe, sosio ekonomiese en politieke stelsels tot hul eie voordeel benut/uitbuit. Die ruimtelike residensiële uitsorteringsproses van huishoudings word boonop gekompliseer wanneer daar vreemde etniese groepe aan wesig is en in gevalle waar daar vir die een of ander rede teen persone/ groepe gediskrimineer word.

Die keuses met betrekking tot 'n woning en 'n woonplek in die stad is natuurlik gebaseer op die beskerming en uitbouing van wat ge ag word in die belang van die lede van die be trokke gesin te wees (Badenhorst, 1987: 55) en die besluit neem vanself sprekend nie die groter gemeenskap se belang in ag nie. Die vertolking van gevestigde belang, en die neem van die uiteindelike vestigingsbesluit, berus as 'n reël by die hoof van die huis houding (Badenhorst, 1987: 55). Daar is vanselfsprekend talle oorwegings wat in aanmerking geneem word by die vertolking van wat in die gesin se belang is, en derhalwe by die neem van die vestigingsbesluit. In talle onder soeke dwarsoor die (Engelssprekende) wêreld bondel hierdie individuele oor wegings egter telkens saam in drie faktore, tewete sosio ekonomiese status, lewensiklus en etnisiteit (paragraaf 2).

'n Verdere vraag wat eweneens op duik is, hoe word nie ruimtelike sosiale (vestiging)oorwegings in geografiese ruimte omgesit? Daar is naamlik drie nou verweefde meganismes wat hier die transformasie begelei, tewete residensiële mobiliteit, die huismark en instellings (institusies) (Badenhorst, 1987: 15 160; Herbert & Johnston,1976: 81 158). Die rol van eersgenoemde twee meganismes spreek intuïtief van self, maar die rol van instellings soos finansiële instellings en owerheids instellings, is minder vanselfsprekend. Vanweë hul unieke aard streef elke instelling 'n bepaalde agenda na wat wissel van eiebelang in die geval van finansiële instellings, tot die bevordering van plaaslike gemeenskapsbelang in die geval van plaaslike owerhede. In bepaalde gevalle kan selfs sentrale regeringsinstellings by plaaslike aan geleenthede betrokke raak, soos ondermeer in die geval waar huur beheer toegepas word ten einde huurders teen uitbuiting te beskerm. In uitsonderlike gevalle, soos met apart heid in Suid Afrika en die integrasie/ absorpsie van immigrante in Israel (Berry, 1973: 107), kan sentrale regerings selfs verder gaan en ingryp op plaaslike vestigingspatrone met die oog op die bereiking van bepaalde politiek ideologiese doelwitte. Soos weldra sal blyk het die nastrewing van apartheid 'n eiesoortige stempel op Suid Afrikaanse stede afgedruk.

Die doel met die artikel was eerstens om 'n oorsig te gee van hoe stedelike sosio ruimtelike mosaïke in die alge meen gevorm word; tweedens om 'n kort oorsig te skets van owerheids intervensie in stedelike ontwikkeling in Suid Afrika; derdens om die onder liggende eienskappe en patrone te beskryf van apartheidstede in die algemeen en van Pretoria voor apart heid en tydens apartheid in die be sonder en laastens, om bepaalde verskuiwings in die sosiale ruimtes in post apartheid Pretoria tussen die sensusjare van 1996 en 2001 vas te stel en te illustreer. Meer onlangse data is ongelukkig nie beskikbaar nie aangesien die volgende sensus eers weer in 2011 gehou sal word. Die ondersoek dek gevolglik die middelste vyf jaar van die eerste dekade van demokratiese regering in die land.

## 2. STEDELIKE EN SOSIALE RUIMTES

Die struktuur van die stad kan in terme van twee ruimtes beskryf word, tewete sosiale ruimte en fisiese ruimte. Die onderskeie ruimtes, met die klem op sosiale ruimtes en hul onderlinge ver wantskap, word vervolgens bespreek met die oog op die daarstelling van 'n agtergrond waarteen die unieke aard van die sogenaamde apart heidstad, en die veranderings/ skuiwings waaraan dit in die post apartheid era onderhewig is, be oordeel kan word. Uit die aard van die saak kan dit slegs oorsigtelik ge doen word.

Sosiale ruimtes in die stad word ge vorm deurdat mense met verskillende kulturele, sosiale en ekonomiese groep kenmerke neig om saam te groepeer

in relatief homogene groepe (Van der Merwe in Badenhorst, 1987: 15; Herbert & Johnston, 1976: 6, 36). Gevolglik kan gebiede/buurte in die stad afgebaken word wat onderling van mekaar verskil in terme van die opleidingspeil en in komste van die inwoners, hul sosiale aansien en lewenstyl, hul etniese ver wantskap, plek van herkoms, die siklus (fase) waarin die gesin verkeer, ensomeer.

Gegewe die kompleksiteit van mo derne stedelike gemeenskappe, is dit vanselfsprekend dat daar talle indivi duele oorwegings is wat 'n rol speel in die vorming van die stad se sosio ruimtelike mosaïek. Ondersoeke om klarigheid hieromtrent te kry dateer so ver terug as 1925 toe die eerste veral gemeende model van die verspreiding van woongebiede in Amerikaanse stede deur Ernest Burgess, lid van die sogenaamde ekologiese skool, geformuleer is (Dear, 2005: 54). Oor die jare heen is 'n verskeidenheid modelle en tegnieke ontwikkel en in gespan om die verskynsel te ontleed (Badenhorst, 1978: 4 26; Herbert & Johnston, 1976: 193 269 vir 'n bespre king van die betrokke modelle, bena derings, tipologieë en metodes), en is talle ondersoeke mettertyd na dié ver skynsel in stede dwarsoor die wêreld onderneem (Badenhorst, 1978: 27 33). Hierdie eerste pogings was gebaseer op 'n sogenaamde funksionele benadering, tewete dat stede ontwik kel deur kompetisie om ruimte; dat se gregasie die noodwendige uitvloeisel van stedelike ontwikkeling is (Schoon raad, 2004: 3 5), en dat inwoners met verskillende sosio ekonomiese eienskappe ruimtelik in die vorm van konsentriese sones, sektore en veelvul dige kerne groepeer (Dear, 2005: 56 58).

Die ondersoeke na die oorsake van woongebied differensiasie het telkens drie faktore gegenereer, tewete sosio ekonomiese status (opleiding, in komste, beroepstatus, ensovoorts), lewensiklus (fertiliteit, werkende vroue, woningtipe, ensovoorts) en etnisiteit (rasse, etniese, kulturele verwantskap, ensovoorts) (Badenhorst, 1978: 27 29). (Dikwels is meer faktore gegenereer, maar dit het geblyk die produk van [eiesoortige] plaaslike omstandighede of andersins van die besondere data insette te wees). Die reëlmaat van die bevindinge het tot gevolg gehad dat, vanuit 'n gedragsoogpunt beskou, dit as 'n leerstelling in stedelike studies aanvaar (kan) word dat die residensiële struktuur van hierdie groep stede deur die betrokke drie faktore onderlê word. Anders gestel, hierdie drie faktore (kenmerke van die gesin) word algemeen aanvaar as synde die determinante te wees van die residensiële vestigingsbesluit van huishoudings in Westers Amerikaanse stede (Schoonraad, 2004: 3 10; Badenhorst, 1987: 16). Vanweë noue ooreenkomste geld dit ook vir die voormalige 'wit' gedeeltes van Suid Afrikaanse stede (paragraaf 1).

Uit die ondersoeke na die vorming van stedelike sosiale ruimtes waarna hierbo verwys is, het dit ook telkens geblyk dat die drie determinante van sosiale ruimte (sosio ekonomiese status, lewensiklus en etnisiteit) op 'n bepaal de grondslag ruimtelike uitdrukking vind. Sosio ekonomiese status manifes teer naamlik op 'n sektorale grond slag met sektore van verskillende status wat naby die Sentrale Sake gebied ontstaan en uitwaaier in die rigting van die rand van die stad. In die geval van Pretoria byvoorbeeld ontstaan die hoë status sektor naby die middestad en waaier dit suid ooswaarts uit. Die proses herhaal hom telkens vir die middel en lae inkomstegroepe, en met die uitsonde ring van 'n klein noordoostelike sektor wat sterk deur apartheidsbeplanning beïnvloed is, is daar 'n konsekwente afname in sosio ekonomiese status in 'n anti kloksgewyse rigting met die laagste status sektor in die weste, ver verwyderd van die hoogste status sektor (Davies in Olivier & Hattingh, 1985: 52). Vanuit 'n veralgemeende oogpunt beskou vind lewensiklus op 'n konsentriese grondslag ruimtelike uitdrukking deurdat huishoudings wat in verskillende gesinsfases verkeer (tipies) in konsentriese patrone rond om die middestadgedeeltes aange tref word (Badenhorst, 1987: 253). Etnisiteit daarenteen vind weer op 'n nodale (enklave) grondslag ruimtelike uitdrukking (Murdie in Schoonraad, 2004: 3 10; Badenhorst, 1987: 253). Gegewe die geldigheid van die drie faktore wat die residensïele vestigings besluit bepaal, tesame met die wyse waarop dit neig om ruimtelik uitdruk king te vind, blyk dit dat wanneer die drie faktore van sosio ekonomiese status, lewensiklus en etnisiteit bo op mekaar oor die fisiese ruimte gelê word, dan kan daar tussen die sny ding van sektore, sirkels en nodale konsentrasies, gemeenskappe onder skei word van soortgelyke sosio enomiese status, asmede ooreen stemmende lewensiklus eienskappe en etniese status (Murdie in Schoonraad, 2004: 3 10). Die etniese enklaves vorm op hul beurt weer 'n mikrokosmos van die stadwye patroon en intern funksioneer sosio ekonomiese status en lewensiklus op nagenoeg dieselfde wyse in die ruimtelike uitsortering van inwoners aldaar as wat vir die stad as geheel geld (Berry & Horton in Badenhorst, 1987: 254).

Die ruimtelike manifestasies wat hier bo beskryf is kom vanselfsprekend nie klinkklaar in die stad voor nie. Persone tree immers nie altyd 'rasioneel' op soos die veralgemeende model dit uiteensit nie; die meganismes wat die ruimtelike uitsortering van huishoudings begelei werk boonop nie onafhanklik van mekaar nie en varieer in hul rela tiewe aandeel na gelang van (plaas like) omstandighede; sosiale groepe se grense is nie waterdig nie en mense behoort aan verskillende demografiese, lewenstyl, etniese, sosiale en ander groepe. Boonop is huishoudings, woon gebiede, en selfs stede, voortdurend besig om te verander, met die gevolg dat daar noodwendig 'n sloering is tussen verandering en ruimtelike manifestasie (Herbert & Johnston, 1976: 193). Die model(le) is gevolglik bloot veralgemeende beskrywings van huishoudings se keuse met be trekking tot 'n woning en woonplek in die stad en die ruimtelike patrone wat daaruit voortspruit.

Verskeie skrywers (Badenhorst, 1987: 24; Yeates & Garner, 1976: 243) wys daarop dat die vestigingsoorwegings van die hoër inkomstegroepe grootliks prysgeoriënteerd is, dit wil sê kwaliteit gedrewe/bevorderlik (Sellers in Schoonraad, 2004: 3 30) is, terwyl dié van die laer inkomstegroepe weer ligging georiënteerd is. Dit beteken dat die vestigingsbesluit van laasge noemde deur die ligging van werk geleenthede bepaal word, en nie andersom nie (Kain in Badenhorst, 1987: 27). Hierdie verwantskap ver klaar in 'n groot mate die aanwesig heid van die laer inkomstegroepe in die sentrale gedeeltes van Westers Amerikaanse stede. Omdat pendel koste 'n groot las plaas op die be perkte inkomste van armer mense neig hulle om so na as moontlik aan hul werkplek te woon ten einde hul vervoerkoste te minimiseer (Yeates & Garner, 1976: 243). Gevolglik ontstaan die paradoks in die groep stede onder bespreking dat diegene met die laag


ste inkomste op die grond met die hoogste waarde in die sentrale ge deeltes van die stad aangetref word, terwyl die hoër inkomstegroepe verder weg op die goedkoper grond aan die buitewyke van die stad woon. Dit is gevolglik hier waar die modernste behuising en beste geriewe in hoë kwaliteit omgewings aangetref word. Die hoër inkomstegroepe woon na tuurlik teen laer digthede, maar span deer noodgedwonge groter bedrae geld aan vervoer. (Daar is egter 'n toenemende uitbeweging van werk geleenthede na die voorstede wat daartoe lei dat 'n groeiende wanaan passing tussen werkgeleenthede en behuising vir die laer inkomstegroepe aan die opbou is) (Badenhorst, 2002: 66). Laasgenoemde groepe daarenteen werk die hoër grondpryse teen deur teen hoër digthede te woon, dit wil sê minder grond per wooneen heid te gebruik. Die middestad gedeeltes leen dit self natuurlik baie goed vir bewoning deur mense met laer inkomstes. Dit is immers hier waar hoë digtheid woonstelle en ouer wonings in die huurmark aangetref word. In die meeste stede word 'n sogenaamde oorgangsone rondom die Sentrale Sakegebied aangetref, wat gekenmerk word deur fisiese en funksionele veroudering en verval, 'n vermenging van grondgebruike, sosiale desorganisasie, ensomeer (Van der Merwe, 1983: 137). Dit is ook in hierdie sone waar slums en ghetto's as 'n reël aangetref word, met die gevolg dat die omstandighede in die middestadgedeeltes van so 'n aard is dat lede van die laer inkomstegroepe hul behuisingsbehoeftes ten beste al daar op hul finansiële vermoë en ander behoeftes kan afstem (Baden horst, 1987: 25). Soos later bespreek (paragraaf 3), is hierdie patroon van weë owerheidsintervensie in die normale prosesse wat die stedelike sosio ruimtelike struktuur bepaal, hier ter plaatse erg verwring. Die patroon is in bepaalde opsigte selfs omgekeer in die apartheidstad, soos ondermeer vanweë die plasing van die lae inkomste woongebiede (townships) aan die buiterand van die stedelike gebiede (Badenhorst, 1987: 272).

## 3. OWERHEIDSINTERVENSIE IN STEDELIKE ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

Intervensie in die beweging en vestig ing van inheemse mense, veral Afrikane, met die oog daarop om distansiëring tussen hulle en die blanke setlaars te bewerkstellig, dateer uit die land se koloniale verlede (Baden horst, 1987: 224). In die Kaapkolonie byvoorbeeld was hulle sedert 1760 verplig om passe te dra ten einde hul beweging te beheer en hul vestiging is van vroeg af beperk tot sogenaam de 'lokasies' (DSOB, 1986: 15). Die eerste lokasie is in 1825 deur die Londense Sendinggenootskap in Port Elizabeth aangelê met die oog daar op om die swart en kleurling inwoners sogenaamd teen 'uitwissing en uit buiting te beskerm' (Christopher in Lemon, 1991: 3). Hulle is gevolg deur die plaaslike munisipaliteit wat in 1855 die eerste van 'n reeks lokasies afge baken het met die oog op die beheer en (residensiële) segregasie van die Afrikane in die stad (Christopher, 1984: 74). In 1884 is die "Native Location Act" in die Kaapkolonie uitgevaardig en die proklamasie van lokasies het teen die einde van die negentiende eeu groot momentum gekry (Badenhorst, 1987: 225). Met die ont dekking van diamante in Kimberley en goud in Johannesburg het 'n be hoefte ontstaan aan groot getalle werkers om in die myne te werk. Die mynbase, in samewerking met die owerhede, het die probleem opgelos deur die instelling in die 1880's van die kampongstelsel in Kimberley (Lemon, 1991: 3). Sodoende is voldoende manlike werkers verseker sonder om die koste vir die huisvesting en ander dienste vir hul gesinslede te aanvaar (Mabin in Lemon, 1991: 3). Die kampongstelsel het spoedig die model geword vir myne en myndorpe in die res van die land en is uitgebrei na munisipale werkers, fabriekswerkers, dokwerkers en diesulkes (Lemon, 1991: 3). As sodanig het die kampongstelsel 'n fundamentele rol gespeel in die verstedeliking van Afrikane en is 'hostelle' vir enkellopende werkers vasgelê in die ruimtelike en sosiale strukture van Suid Afrikaanse stede (Badenhorst, 1987: 258).

Wat die skeiding tussen blanke en swart woongebiede betref, is die beginsel naamlik vervat in die Trans vaalse Grondwet van 1844, en wet gewing met dieselfde strekking wat in die ander provinsies bestaan het (PR 3/1985: 140). In die ou Transvaalse Republiek is wetgewing reeds in 1885 uitgevaardig met die oog op die skepping van afsonderlike woonge biede vir die verskillende bevolkings groepe (Badenhorst, 1987: 225). 'n Vroeë kaart van Johannesburg ge dateer 1897 toon dan ook die ligging van 'n 'kafir location', 'n 'native location' (ooglopend 'n later ont wikkeling as eersgenoemde), en 'n 'coolie location' (Morris, 1980: 8). In Pretoria, net soos in die res van die toenmalige Transvaal, was dit ewen eens beleid om slegs die 'nodige' aantal werkers binne die munisipale grens toe laat en van amptelike be huising te voorsien (Olivier & Hattingh, 1985: 49). Sodoende het Schoolplaats (1867), Marabastad (1888), Lady Selborne (1905), Eastwood (1905), en Bantule (1912) tot stand gekom (figuur 1). Volgens dieselfde skrywers het die 'weggewysde' Afrikane op om liggende plase of onwettig op oop persele geplak, of het hulle andersins as verskuilde plakkers in blanke agter plase geplak. Insoverre dit Kleurlinge en Asiërs betref, wys Ball (in Baden horst, 1987: 228) daarop dat die Asiatiese Bazaar en die 'Cape Boys Location' so ver terug as 1889 uitge meet is om as woon en handelsplek vir Indiërs, Kleurlinge, Maleiers en Chinese te dien. Die Asiatiese Bazaar bestaan vandag nog, alhoewel erg vervalle, terwyl die 'Cape Boys Location' lankal reeds van die kaart verdwyn het. Insoverre dit voorstede like persele aan die Rand betref, was swartmense sedert die laat negen tiende eeu deur middel van uitsluitings klousels in die titelaktes van woon persele verbied om sodanige persele te besit of te bewoon, 'n gebruik wat na die Eerste Wêreldoorlog deur die ander provinsies oorgeneem is (Lemon, 1991: 3). In die destydse provinsie van Natal weer is die indringing van Indiërs in 'blanke' woongebiede sedert die Tweede Wêreldoorlog aan bande gelê deur sogenaamde 'Vaspenwette' wat in 1943 uitgevaardig is (Baden horst, 1987: 228).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat teen 1948 toe die Nasionale Party onder die vaandel van 'apartheid' aan bewind gekom het, was residen siële segregasie tussen blankes aan die eenkant en die ander rassegroepe aan die anderkant, reeds stewig ver skans in Suid Afrikaanse stede in die algemeen (Lemon, 1991: 8; Cook, 1991: 27; Christopher, 1991: 46). Op daardie stadium het stede bloot gewissel in terme van hul graad van segregasie, met Kaapstad wat toentertyd waarskynlik die minste gesegregeerd van almal was (Western, 1981: 3). Uit figuur 1 blyk dit dat residen




Figuur 1: Pre apartheid Pretoria
Bron: Horn In CDE, 1998: 29

siële integrasie in Pretoria as sodanig op die vooraand van die herstruktu rering van die stad in die beeltenis van die 'apartheidstad' redelik beperk was.

Volgens Olivier en Hattingh, is die residensiële struktuur van Pretoria teen 1948 gekenmerk deur "sentraalgerigte Indiër en Kleurling residensiële enklaves binne die ouer binnerand residensiële gebied; Swartes woonagtig in enkel kwartiere en kampongs binne werk ruimtes; Swartes woonagtig in af sonderlike woongebiede (lokasies); wydverspreide Swart huisbediende kwartiere; sones van Swart indringing binne blanke residensiële ruimtes; en 'grys areas' van beperkte rossever menging" (Olivier & Hattingh, 1985: 47). Die oorgrote meerderheid swartmense in die 'blanke' gedeeltes het natuurlik uit huiswerkers bestaan wat in 'n diensverhouding tot hul werkgewers gestaan het. Kortom gestel, hul teenwoordigheid aldaar het nie noodwendig beteken dat hulle enige regte daar kon uitoefen nie.

## 4. STEDELIKE APARTHEIDS-PATRONE

Owerheidsintervensie in stedelike ont wikkeling in Suid Afrika het uitgeloop op wat algemeen na verwys word as die 'apartheidstad'. Die opvallendste kenmerk van apartheidstede, insluiten de Pretoria, was sekerlik die feit dat die persone met die laagste inkomste die verste van die werkgeleleenthede in die middestadgedeeltes gewoon het. Laasgenoemde was sonder uit sondering deel van die blanke groeps gebied (Lemon, 1991: 14). Dit het noodwendig lang pendeltye en hoë vervoerkoste vir die armes meegebring wat armoede en ongelykheid verder vererger het. Vervoerkoste was na tuurlik gesubsidieer, selfs in so 'n mate dat gesubsidieerde vervoer as een van die vormgewende elemente van die Suid Afrikaanse stad beskou kan word. Die situasie het intussen natuur lik ingrypend verander deurdat lae inkomstegroepe, wat hoofsaaklik uit swartmense bestaan, in groot getalle die sentrale stadsgedeeltes oorge neem het (Badenhorst, 2002: 64), in ooreenstemming met die Westers Amerikaanse model van stedelike ontwikkeling (paragraaf 2). Volgens dieselfde skrywer het die hoër inkomstegroepe, wit en swart, op hul beurt weer die rug gedraai op hierdie gebiede, en woon, koop, ontspan, en in 'n toenemende mate, werk hulle in die voorstede. Die townships het na tuurlik nie verdwyn nie, maar het in tussen baie uitgebrei as gevolg van die verskaffing van lae inkomste be huising aldaar, terwyl diegene wat dit kan bekostig, na voormalige 'blanke' woongebiede aan die uitwyk is. Die ruimtelike uitbreiding van die town ships is toe te skryf aan die inersie van familie en kulturele bande en die feit dat grond daar goedkoop en ge redelik beskikbaar is. Vanweë die uit beweging van meer gegoede Afrikane raak die townships natuurlik toe nemend homogeen in terme van sasio ekonomiese klas en deur hul

uitbreiding word apartheidspatrone verder verkonkretiseer.


Omdat Afrikane se verblyf in die stad as tydelik beskou is (Badenhorst 1987: 162 165), is die 'townships' nie as volwaardige woonomgewings ont wikkel nie. 'n Groot gedeelte van die bevolking het uit enkellopende mans bestaan wat in kampongs gehuisves is (paragraaf 3) wat op sigself tot allerlei sosiale probleme aanleiding gegee het. Die voorsiening van gesins behuising was beperk tot sub ekono miese eenhede – die sogenaamde 51/6 huise. Alhoewel die minimum standaarde goeie strukturele kwaliteit verseker het, het dit nietemin uitgeloop op eentonige, ongedifferensieerde woonbuurte en disfunksionele omge wings in alle opsigte (Badenhorst, 1987: 263). Om beheer te verseker het die staat op sigself, en deur sy onder skeie agentskappe, vir alle praktiese doeleindes, alleen verantwoordelikheid vir die voorsiening van swart behuising aanvaar. Volgens Badenhorst (1987: 174) was sowat 90 persent van die township huise in die negentigerjare in owerheidsbesit. Die voorsiening van dienste het teen minimum standaarde geskied wat weens 'n toename in 'onwettige' inwoners, gou oorbenut en substandaard geraak het. Die daar stelling van gemeenskapsgeriewe het grootliks agterweë gebly, deels van weë beperkte fondse, maar ook om dat oumense veronderstel was om terug te gaan tuisland toe (Baden horst, 1987: 163) en voorkeur gegee is aan (tydelike) enkellopende manlike werkers sonder gesinne. Kleinhandels geriewe was uiters beperk, want die inwoners was veronderstel om hul geld in die 'blanke' gebiede te spandeer (Badenhorst, 1987: 197). Daar is trouens deur sekere politici van die standpunt uitgegaan dat die omstandighede vir die township inwoners nie te gerieflik gemaak moes word nie, anders sou hulle nie eendag na hul onderskeie tuislandgebiede wou terugkeer nie (Dawie in Badenhorst, 1987: 160). Die groot 'wit hoop' was immers dat Afrikane mettertyd sou begin terug stroom na (werk)geleenthede in die tuislandgebiede.

Omrede behuising in die townships grootliks in owerheidsbesit was en die res aan allerlei beperkings onderhewig was, was daar nie sprake van 'n huis mark in die gebiede nie. Boonop was die inwoners institusioneel uitgesluit van submarkte in ander groepsgebiede. Daar is nietemin aan die begin van die tagtigerjare van die vorige eeu geprobeer om behuising in die town ships te privatiseer (Badenhorst, 1987: 278 283). Die program was aanvanklik nie baie suksesvol nie, sodat huise later vir alle praktiese doeleindes verniet weggegee is. Sonder 'n voor raad behuising wat gedifferensieer is in terme van tipe, pagskap (eienaar/ huurder), huispryse, asook 'n oorskot eenhede in die onderskeie submarkte waaruit die huismark as sodanig be staan, kon 'n huismark in die townships nie vestig en funksioneer nie. Swart behuising is naamlik toegeken op grond van administratiewe prosedure. Dit het meegebring dat 'n aansienlike groep ('onwettige') Afrikane wat *de facto* in die stad aanwesig was, van die proses uitgesluit is, en dat daar by die toekenning van wonings feitlik uit sluitlik aandag geskenk is aan oor wegings van 'wettigheid' en etnisiteit (ras). Oorwegings wat met sosio ekonomiese status en lewensiklus verband hou, is nooit in berekening gebring tydens die toekenningsproses nie (paragraaf 2). Voorsiening hier voor is deels deur individuele huis houdings self gemaak deur *in situ* ver beterings wat hulle aan hul wonings op sigself aangebring het, maar dit kon uiteraard niks verander aan hul bure, kwaliteit van die woon omgewing, toegang tot (goeie) skole van eie keuse, ensomeer nie. Onder sulke omstandighede was horisontale residensiële mobiliteit nie moontlik nie en is opwaartse sosiale mobliteit gevolglik erg aan bande gelê (paragraaf 2). Omdat eersgenoemde 'n voorvereiste is vir huishoudings om (ruimtelike) uitdrukking te verleen aan (veranderde) behoeftes wat met sosio ekonomiese status, lewensiklus, lewenstyl, of watter oorwegings ookal, verband hou (Badenhorst, 1987: 47), lei dit geen twyfel dat meer as een geslag township inwoner se vordering hierdeur geknou is, en dat die vorming van fisiese en sosiale ruimtes in Suid Afrikaanse stede grondliggend hierdeur beïnvloed is nie. Die situasie het egter verskeie jare voor 1994 begin om te 'normaliseer', omdat oortreding van die beperkende aparheidsmaatreëls geruime tyd voor dié datum sienderoë toegelaat is.


## 5. VERSKUIWINGS IN DIE SOSIO-RUIMTELIKE LANDSKAP (1996-2001)

Die herstrukturering van die gefragmen teerde apartheidstad was een van die hoogste prioriteite van die Regering van Nasionale Eenheid wat in 1994 aan bewind gekom het. Afgesien van die feit dat alle rasgebaseerde maat reëls afgeskaf is wat mense verplig het om in bepaalde (groeps)gebiede te woon, en mense nou vry was om te vestig in die woonbuurt van hul eie keuse, het die regering nogtans talle beleidsdokumente en wette die lig laat sien wat ten doel gehad het om histories verwronge ruimtelike patrone reg te stel (DPC, 1995). Die kwessie van integrasie oor 'n wye front, wat strek vanaf die integrasie van landelik en stedelik tot die integrasie van ste delike grondgebruike en les bes, mense van verskillende sosiale klas, was hoog op die agenda en het as sodanig die basis gevorm van die onderskeie wette en beleidsdokumente. Die raamwerk vir die wette en beleidsdokumente is natuurlik verskaf deur die Nasionale Grondwet en die Heropbou en Ont wikkelingsprogram (HOP) wat reeds in 1994 die lig gesien het. Die wette sluit in die "Development Facilitation Act, 1995", die "Housing Act, 1997", die "Municipal Systems Act, 2000", die "Interim National Land Transport Act, 2000", en die "Land Use Management Bill, 2002". Witskrifte op hul beurt sluit in die "Housing Policy for South Africa, 1994", die "White Paper on Local Government, 1998", die "White Paper on Housing,1994" en die "Draft White Paper on Spatial Planning, 2001" (Schoonraad, 2004: 2 13 – 2 16 vir 'n bespreking van die onderskeie wette en beleidsdokumente).

Sedert 1994 het grootskaalse veran derings inderdaad in veral die groter stedelike gebiede plaasgevind soos vergestalt in ondermeer die informali sering van die Sentrale Sakegebiede, die opgradering en uitbreiding van townships, die ontploffing in voor stedelike sakesentrums, die uitbewe ging van werkgeleenthede na (voor) stedelike randgebiede, en natuurlik die vestiging van persone van ander rassegroepe in voormalige 'wit' woon gebiede, en alles wat daarmee in verband staan. Dit impliseer dat die sosiale ruimtes in die stad, dit wil sê ruimtes wat afgebaken kan word op grond van die demografiese, etniese, sosio ekonomiese, kulturele en ander




Figuur 2: Swart bevolkings verspreiding 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 3: Swart bevolkings verspreiding 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001

eienskappe (paragraaf 2) van die betrokke inwoners, ook verander het. Elke persoon dra immers 'n hele drag attribute met hom/haar saam waar heen so 'n persoon ookal verhuis.

In die volgende paragrawe word ver skuiwings in die sosio ruimtelike land skap in Pretoria tussen die sensusjare 1996 en 2001 bespreek. Die Groter Pretoria gebied wat bestaan het uit drie plaaslike munisipaliteite (Pretoria, Centurion en Akasia) is intussen saam gevoeg in 'n eenheidstad genaamd Stad Tshwane Metropolitaanse Muni sipaliteit (STMM). Aangesien STMM 'n funksionele gebied is en die sensus data op 'n wykgrondslag vir die hele gebied beskikbaar is vorm die metro politaanse gebied as sodanig die grondslag vir die ontleding en word verskynsels/ spreidings per wyk aan gedui. Die feit dat data op 'n wyk grondslag beskikbaar is verdoesel natuurlik dikwels variasies binne die wyk as sodanig, veral groter, yl bevolkte wyke soos byvoorbeeld die suid westelike wyk in STMM (figuur 2). Daar word eerstens gelet op die (her)verspreiding van bevolking (swart/wit) waarna verskuiwings in geassosieerde sosio ekonomiese eien skappe (huishoudelike inkomste, be roep en werkloosheid) van naderby beskou word.

## 5.1 Bevolkingsverskuiwing

Die (her)verspreiding van swartmense tussen 1996 en 2001 in STMM is in figure 2 en 3 en dié van blankes in figure 4 en 5 onderskeidelik aange toon.


Uit die figure kan die volgende aflei dings gemaak word:

- Die 'townships' Mamelodi en Atteridgeville, en so ook die ge biede in die noorde wat deel van die voormalige tuisland van Bop hutatswana was, word steeds oorweldigend deur swartmense bewoon (tussen 80% 100%). Nuwe owerheids gesubsidieërde lae kostebehuisingsprojekte aldaar het tot gevolg dat die patroon wat uit die apartheidsera dateer, intussen verder verskans is. Ge gewe die (etniese) aard van die 'townships' en die behuisings nood onder Afrikane in die algemeen, is dit onwaarskynlik dat lede van ander bevolkings groepe, in die afsienbare toe koms altans, in beduidende ge valle in hierdie gebiede sal intrek.


- Die persentasie swart inwoners het in al die wyke toegeneem, maar in geen enkele wyk afge neem nie.
- Die grootste toename in swart bevolkingsgetalle het in die westekant van die stad plaas gevind waar dit minder dig bebou is en waar talle lae kostebehuis ingsprojekte onderneem is.
- Infiltrasie van swart inwoners in die voormalige 'blanke' gedeel tes van Pretoria geskied langs die roete van minste weerstand vanuit die weste in die rigting van die middestad, vanwaar hulle begin om verder ooswaarts en suidwaarts te versprei. Die woon buurte wat ge infiltreer is, is tipies, ouer, vervalle laer inkomstege biede met 'n beduidende immi grante gemeenskap, Portugese in hierdie spesifieke geval. 'n Aansienlike persentasie huise in die weste van Pretoria behoort natuurlik aan Yskor wat sy groei ende swart werksmag plaaslik huisves. Dit blyk ook dat swart in filtrasie nie ruimtelik op 'n lukrake grondslag geskied nie, maar stel selmatig oorspoel en versprei uit die gevestigde en nuut besette (swart) woongebiede.
- Die swart inwoners van Mamelodi het tot dusver nog nie die omlig gende (blanke) gebiede ge infiltreer nie, waarskynlik as gevolg van die voorkoms van die naas liggende hoër inkomste woon gebiede en natuurlike buffers.

Uit figure 4 en 5 kan die volgende afleidings gemaak word:


- Ondanks die feit dat blanke be volkingsgetalle in die periode van ontleding ietwat toegeneem het (+0,7%) (Schoonraad, 2004: 5 3), het die persentasie blankes in talle voormalige 'wit' woon gebiede afgeneem.
- 'n Duidelike konsentrasie van wit mense is waar te neem in die suidooste soos wat blankes al hoe verder in hierdie rigting uitwyk.
- Blanke oorheersing (50% en meer) het verdwyn in sewe wyke wat aanliggend geleë is aan die 'townships' en die middestad. (Uit afsonderlike berekening).
- Alhoewel groot gedeeltes van die voormalige 'blanke woon gebiede' intussen in 'n mindere





Figuur 4: Blanke bevolkings verspreiding 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 5: Blanke bevolkings verspreiding 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001




Figuur 6: Vlak van integrasie 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 7: Vlak van integrasie 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001

of meerdere mate deur die in beweging van swartmense weg gekalf is, word groot gedeeltes van die stad nietemin steeds deur wit bewoning oorheers, veral die suidoostelike sektor en die binne gedeeltes van die noordelike sektor.

Om 'n beter beeld van die stand van die verandering in inwonersamestelling van buurte te kry, is dit gepas om enersyds gebiede van integrasie en andersyds van segregasie te identifi seer. Om gebiede van integrasie af te baken is (arbitrêr) besluit om die sensus wyke soos volg in vyf kategorieë te groepeer:

- 'hoë vlak' van integrasie waar twee bevolkingsgroepe elk minstens 40% van die bevolking uitmaak;
- 'beduidende vlak' waar die onderskeie groepe se aandeel minstens 30 39% elk is;
- 'matige vlak' 'n 20 29% aandeel;
- 'lae vlak' 'n 10 19% aandeel, en
- 'geen integrasie' 'n aandeel van minder as 10% (kyk figure 6 en 7).

Uit figure 6 en 7 kan die volgende af gelei word:


- Die gebiede waar die hoogste mate van woonbuurt integrasie plaasgevind het, is aanliggend aan die voormalige swart groeps gebiede en die middestad. Die aantal wyke in hierdie kategorie het konstant gebly, maar nié die wyke self nie.
- Die aantal wyke wat beduidende vlakke van integrasie bereik het, dit wil sê 'n aandeel tussen 30 39% deur minstens twee groepe, het toegeneem.
- Groot dele in die suidooste en binnering van die noordelike sektor is nie noemenswaardig geraak in die proses nie. Hierdie gebiede is tipies hoër en middel inkomste buurte.

Ten einde vlakke van segregasie te bepaal, is sensuswyke gekategoriseer in terme van die persentasie aandeel van die meerderheidsgroep in die


inwonertal. Die resultate is in figure 8 en 9 aangetoon.

Die volgende afleidings kan uit die betrokke figure gemaak word:


- In 1996 was daar 45 wyke waar 'n enkele rassegroep meer as 90% van die bevolking uitgemaak het. Teen 2001 het dié aantal wyke tot 47 aangegroei. Dit sluit drie voormalige 'wit' buurte in wat nou oorweldigend swart is. Wat genoem kan word 'ras eksklusiewe wyke' het gevolglik ietwat toegeneem in die periode van ondersoek.
- In 1996 was daar 16 wyke waar 'n enkele rassegroep 80 89% van die totale bevolking uitgemaak het. Hierdie was hoofsaaklik wit buurte noord en suidoos van die Sentrale Sakegebied. Teen 2001 was daar 14 wyke in hierdie kategorie. Slegs twee wyke in hierdie kategorie het minder gesegregeerd geraak in die periode 1996 2001, tewete die sentraal geleë student georiënteerde Hatfield en een van die suidelike wyke waar middelklas swart inwoners inbeweeg het. Die enkele wyk in hierdie kategorie wat meer gesegregeerd geraak het, het groot uitbreiding in lae koste behuisingprojekte ondergaan.
- In 1996 was daar sewe wyke, meestal in die voormalige 'wit' gebiede, waar 'n enkele rassegroep 70 79% van die bevolking uitgemaak het. Die getal het konstant gebly omdat vier wyke intussen minder gesegregeerd geraak het en vervang is deur vier sentraal geleë wyke wat meer gesegregeerd geraak het.
- Die aantal wyke met 'n enkele rasse aandeel van 60 69% het toegeneem vanaf drie in 1996 tot vyf in 2001, hoofsaaklik vanweë wyke wat meer gesegregeerd geraak het. Die ooreenstemmende syfers vir die 50 59% kategorie was vyf en drie wyke onderskeidelik.
- Wat die oorhoofse prentjie betref het 61 wyke hul 1996 segregasievlakke binne 10% marges gehandhaaf, in nege wyke het die segregasievlakke toegeneem en in ses wyke het dit afgeneem. Sewe voormalige 'wit' wyke is tans 'swart'.





Figuur 8: Vlak van segregasie 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 9: Vlak van segregrasie 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001




Figuur 10: Huishoudings met geen inkomste 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 11: Huishoudings met geen inkomste 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001

Voorgaande figure (2 9) bied met 'n oogopslag 'n beeld van hoe wit en swartmense in die studietydperk ver skuif het. Daar word vervolgens gelet op die verskuiwing van verband houdende sosio ekonomiese eien skappe in die tydperk.

## 5.2 Verskuiwing van sosio-ekonomiese eienskappe

Sosio ekonomiese grense in Suid Afrika het tot redelik onlangs altans, in 'n groot mate met rassegrense saam geval (Badenhorst, 1987: 235). Der halwe is dit te verwagte dat daar aan sienlike verskuiwings in die verspreiding van inkomstegroepe, geletterdheid en geskooldheidsvlakke en dies meer gedurende die ondersoektydperk in die studiegebied sou plaasvind. Inlig ting met betrekking tot die verspreiding van huishoudings wat geen inkomste in die onderskeie sensusjare opgeteken het, is in figure 10 en 11 aangedui, en inligting aangaande die grootte van huishoudelike inkomstes as sodanig, is in figure 12 en 13 aangetoon. Huishou dings wat oor geen inkomstes beskik is, soos te verwagte, in die middestad gedeeltes, die swart townships en die voormalige tuislandgebiede gekon sentreer. Soos uit die betrokke figure afgelei kan word, was daar tussen 1996 en 2001 'n dramatiese toename in die getalle van hierdie groep huis houdings en die gebied waaroor hulle versprei is.


In dié tydperk het huishoudings met geen inkomste beduidend toegeneem in die westelike, noordelike, noordoos telike en middestadgedeeltes en so doende die sosio ruimtelike landskap grondig verander. Die verspreiding/ skuiwingspatroon is hoofsaaklik aan drie faktore toe te skryf, tewete die in migrasie van arm mense vanaf die platteland wat op die rand van die stad vestig vanwaar sommige van hulle mettertyd na die kern inbeweeg; die ligging van owerheids gesubsidi eerde lae inkomste behuising aan die buitewyke van die stad waar grond beskikbaar en (relatief) goedkoop is, en groeiende werkloosheid onder die minder geskooldes.

Dieselfde gemiddelde inkomste intervalle is vir beide jare gebruik met die gevolg dat veranderings in die ver spreidingspatone nie direk met mekaar


vergelyk kan word nie. Uit die inligting in die kaarte kan die volgende aflei dings nietemin gemaak word:

- Die bevolking met die hoogste inkomste is in die suidooste ge konsentreer en oorvleuel grootliks met die gebiede wat deur blankes bewoon word. Hierdie gebiede is nie meer eksklusief wit nie en daaruit kan afgelei word dat swartmense wat hier intrek eweneens hoë inkomstes geniet. Gegewe die residensiële prosesse wat vroeër bespreek is (para graaf 2), sal hierdie neiging (waar skynlik) voortduur.
- Daar is 'n beduidende toename in gemiddelde huishoudelike in komstes aan die westekant van die stad wat toe te skryf is aan die inbeweging van hoër inkomste swartmense in die voor heen (wit) laer inkomstegebied.
- Die gemiddelde huishoudelike in komstes (R50 000 R75 000) in 1996 in die binnering van die stad het aansienlik toegeneem tot R100 000+ in 2001. Dit is waarskynlik toe te skryf aan groter huis houdings en die vestiging van meer senior owerheidswerkers in die gebied.
- Die ruimtelike verspreidingspatroon van huishoudelike inkomstes toon groot aaneengeskakeldheid en oorgang van een kategorie na 'n ander.


Dit was nie moontlik om die verskuiwing van persone wat oor verskillende on derwyskwalifikasies beskik te vergelyk nie, omrede data hieromtrent nie in vergelykbare formaat vir 1996 beskik baar is nie. Derhalwe is 'minder geskoolde werkers' as maatstaf aan gewend om die verskuiwing van mense met verskillende opleidingspeile te ver gelyk. Daar is voorheen na hierdie werkers as 'bloukraagwerkers' verwys en dit sluit ondermeer dienswerkers in. Die (her)verspreiding van hierdie kate gorie werkers tussen die twee sensus jare is in figure 14 en 15 aangetoon.





Figuur 12: Huishoudelike inkomste (Rand per jaar) 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 13: Huishoudelike inkomste (Rand per jaar) 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001




Figuur 14: Verspreiding van minder geskoolde werkers 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 15: Verspreiding van minder geskoolde werkers 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001


Uit die onderskeie figure kan die volgende afleidings gemaak word:

- Daar is 'n toename in die konsen trasie van minder geskoolde werkers in die suidweste terwyl hul konsentrasie in die noorde in die ou tuislandgebied van Bop hutatswana onveranderd gebly het. Daar is ook 'n aansienlike af name in hul konsentrasie in die sentrale noordelike gedeeltes.
- Die gebiede waar minder geskoolde werkers tussen sowat een derde en een helfte van die werkers uitmaak het aansienlik gekrimp tussen die sensusjare deurdat die suidelike grens noord waarts geskuif het, en 'n enklave geskoolde werkers in die noord ooste ontwikkel het.
- Daar het 'n duidelike konsentra sie van geskoolde werkers (voor heen genoem witkraagwerkers) in die suidooste ontwikkel en, soos hierbo na verwys, 'n enklave in die noordooste.


Inligting aangaande die verspreiding van werkloosheid is in Kaarte 16 en 17 weergegee.

Uit die figure kan die volgende aflei dings gemaak word:

- Werkloosheid is grootliks op die rand, veral die noordelike rand van STMM gekonsentreer.
- Die suidoostelike sektor toon die laagste werkloosheidskoerse. Die betrokke gebied is nie net guns tiger geleë met betrekking tot werkgeleenthede nie, maar is natuurlik ook die tuiste van hoogs geskoolde werkers, bestuurslui en entrepreneurs na wie se dienste 'n (groter) vraag in die arbeids mark bestaan.
- Werkloosheid en huishoudelike inkomste oorvleuel, soos te ver wagte, sterk in veral die armer gebiede (figure 12 13 en 16 17).
- Daar is 'n drastiese toename in die persentasie van die bevolking wat werkloos is wat dui op 'n toe name in armes vanuit die lande like gebiede en mense wat hul werk intussen om 'n verskeiden heid redes verloor het, waaronder die herstrukturering van die eko nomie 'n belangrike een is.
- Die grootste toename in werkloos heid het plaasgevind in gebiede waar die staat se gesubsidieerde behuisingsprogramme onder neem is.




Figuur 16: Werkloosheid 1996
Bron: Saamgestel uit SSA, 1996




Figuur 17: Werkloosheid 2001
Bron: Saamgestel uit SSA, 2001

## 6. SAMEVATTING

Verskuiwings in die sosio ruimtelike landskap van Pretoria in die periode 1996 2001 vertoon vier belangrike kenmerke. In die eerste plek het die infiltrasie van swartmense in die voor heen 'blanke' gebiede oor die hele stad plaasgevind; in die tweede plek het oorhoofse segregasievlakke in die metropolitaanse gebied ietwat gestyg in die ondersoekperiode, in die derde plek het (ou) apartheidspatrone in sekere opsigte verder verstewig van weë die uitbreiding van die townships en, in die vierde plek, is bepaalde kern gebiede sigbaar aan die ontwikkel.

Dit is duidelik dat die persentasie swart mense in al die wyke toegeneem het, in sommige net meer as in ander. Af gesien van individuele swart huishou dings wat willekeurig in buurte van hul keuse vestig, geskied beduidende in filtrasie ooglopend oor 'n breë front vanuit die weste en is die gebied reeds die lokus van die grootste konsentrasie swartmense buite die (tradisionele) 'townships' en die voormalige tuisland

gebiede in die noorde van die metro politaanse gebied. Die infiltrasie volg 'n roete deur die ouer, vervalle lae inkomste woongebiede in die weste van die stad en het reeds Sunnyside, Arcadia en Hatfield aan die oostekant van die Sentrale Besigheidsgebied be reik. Laasgenoemde se situasie verskil egter aansienlik van die ander twee gebiede deurdat die oorgrote meer derheid inwoners in die buurt bestaan uit studente wat (tydelik) in universiteits koshuise en ander studente akkommo dasie tuisgaan. Op hierdie stadium wil dit nietemin voorkom asof permanente besetting deur swartmense nog nie heeltemal die spoorlyn in Hatfield be reik het nie. Die spoorlyn, tesame met die aard van ontwikkeling aan die oostekant van die lyn, sal waarskynlik as buffers dien vir die ooswaartse uit breiding van inwoners in die sosio ekonomiese klas wat die middestad gedeeltes kenmerk. Uit figuur 4 blyk dit dat die stroom uit die weste in tussen suidwaarts vertak het.

Blanke getalle oorheersing het verdwyn in sewe wyke aangrensend aan die Sentrale Besigheidsgebied en die townships van Atteridgeville en Mame lodi. Desondanks geniet hulle steeds ruim getalle oorwig in 21 wyke in die suid ooste en die binnering van die noordelike sektor van die stad (figuur 5). Dit is duidelik dat die meer gegoede blankes in 'n suidoostelike rigting uitwyk. Hierdie sektor beslaan nie net 'n baie aantreklike fisiese om gewing nie, maar daar is boonop geen versperrings in die pad van uitbreiding in hierdie rigting nie.

Die 'townships' van Mamelodi en Atteridgeville en die gebiede in die noorde wat voorheen deel van die tuisland van Bophutatswana uitge maak het, word vir alle praktiese doel eindes steeds eksklusief deur swart mense bewoon (figuur 3). Owerheids gesubsidieerde behuisingsprojekte, asmede die beskikbaarheid van goedkoop grond en die toestroming van armes uit die landelike gebiede, verstewig hierdie (apartheids)patroon steeds verder. Gegewe die aard van die gebiede is die waarskynlikheid uiters gering dat lede van die ander bevolkingsgroepe in die afsienbare toekoms in beduidende getalle in hierdie gebiede sal intrek. (Dieselfde geld waarskynlik in die geval van die Indiër woongebied van Laudium. Die aanwesigheid van 'n uitgebreide reeks kulturele instellings aldaar bepaal dat die gebied 'n sterk aan trekkingskrag op lede van die be paalde groep sal bly uitoefen. Anders gestel, die afwesigheid van sodanige geriewe in die buurt vir ander bevol kingsgroepe maak die gebied op sy beurt onaantreklik vir die lede van so danige groepe). Dit is duidelik dat die voormalige swart woongebiede en die middestad wat streng gesproke eers na 1994 op groot skaal deur swart mense beset is, deur diffusie uitbrei. Die hoogste vlakke van integrasie word dan ook in die ge annekseerde gebiede aangetref (figuur 7). Dit is egter opvallend dat die inwoners van Mamelodi tot dusver nie noemens waardig oorgespoel het na die omlig gende (wit) buurte nie, waarskynlik as gevolg van prys en natuurlike buffers wat die voormalige 'township' inhok. As sodanig het Mamelodi nogtans by kans verdubbel in oppervlakte vanweë uitbreidings na die ooste en die ont wikkeling van Nelmapius in die suide.

Sowat vier uit elke vyf opnemerswyke (61 uit 76) het in die periode 1996 2001 hul segregasievlakke soos vasgelê vir die doel van hierdie ondersoek (byskrif figuur 8 en 9) gehandhaaf, in nege wyke het segregasievlakke ge styg en in ses wyke het dit gedaal (figure 8 en 9). Oorhoofs gesien is se gregasievlakke (binne 10% marges) derhalwe grootliks gehandhaaf, en het dit selfs ietwat verstewig. Dit beteken dat in bepaalde wyke getalle oorheer sing deur een groep bloot vervang is deur getalle oorheersing deur 'n ander groep, oftewel wit deur swart. Die swart woongebiede, insluitend die sentrale stadsgedeeltes toon deur gaans die hoogste vlakke van segre gasie. Die hoë inkomste suidoostelike sektor en binnering van die noordelike sektor toon eweneens relatief hoë vlakke van segregasie, maar in hul geval, van witmense. Gegewe die feit dat inslaap huiswerkers wat feitlik uit sluitlik swart is en derhalwe nie as eie naars/huurders in die buurt woon eweneens hier getel is, is die segrega sievlakke in hierdie buurte inderwaar heid hoër as wat die persentasies mag aandui.

Soos in die ontleding daarop gewys is (paragraaf 2), dra elke persoon nie net 'n enkel eienskap met hom /haarself saam nie, maar inderdaad 'n hele bondel. Hierdie feit word dui delik onderstreep wanneer die verskui wing van sosio ekonomiese eienskap pe in die stedelike landskap van nader by beskou word (figure 10 14). Ver skuiwings in huishoudelike inkomste, geskooldheidsvlakke en werkloosheid, hou baie nou verband met die ver skuiwing van bevolking. Drie verskyn sels wat hiermee in verband staan, regverdig verdere opmerkings. Eer stens is daar die (ontstellende) aantal huishoudings wat geen inkomste in die onderskeie sensusjare aangeteken het, en die toename in hul getalle en ruimtelike verspreiding tussen 1996 en 2001 (figure 10 en 11). Dieselfde geld vir werkloosheid (figure 12 en 13). In die tweede plek wil dit voorkom asof daar 'n redelik beduidende ver betering in geskooldheidsvlakke in die periode voorgekom het (figure 14 en 15), of andersins dat sentraalgerigte verskuiwings deur beter geskoolde werkers onderneem is. In die derde plek skyn daar in die periode van ondersoek 'n groot toename in huis houdelike inkomstes plaas te gevind het (figure 12 en 13). Alhoewel die twee figure nie direk met mekaar te vergelyk is nie omrede geen aanpas sings vir inflasie tussen die twee jare ge maak is nie, val 'n baie groot deel van die sentrale gedeeltes van die STMM in die inkomstekategorie R100 000+ per jaar. Die ondersoekgebied vertoon gevolglik 'n groot gaping tussen ryk en baie arm en 'n toename in die gaping.

Ter afsluiting kan gestel word dat daar sigbaar kerngebiede aan die ontwikkel is. In die suidooste is 'n hoë status ge bied aan die ontwikkel wat hoof saaklik uit blankes bestaan, maar toe nemende getalle welgestelde swart mense insluit. Terselfdertyd is 'n swart kerngebied aan die westekant van die stad aan die ontwikkel wat reeds tot aan die oostekant van die Sentrale Besigheidsgebied inwig, en aan die noordoostekant is 'n sekondêre swart kerngebied/enklave rondom Mamelodi aan die ontwikkel. Van naderby be skou wil dit voorkom asof 'n relatief welvarende kern besig is om in die middel gedeeltes van die stad vorm aan te neem met 'n arm soom rond om. Dit stem natuurlik ooreen met die patroon in Suid Amerikaanse stede waar die arm buurtes aan die rand van die stad aangetref word.

Die verskuiwings in die sosio ruimtelike landskap van post apartheid Pretoria in die periode 1996 2001 was inder daad omvangryk en dit het die stede like landskap reeds onherroeplik ver ander. Die proses het sedertien waar skynlik verstadig, enersyds deurdat die eerste golf van die institutioneel opgedamde behuisingsbehoefte uit die apartheidsjare reeds bevredig is,

en andersyds omrede bepaalde kern gebiede reeds vorm begin aanneem het en waarskynlik aan die intensifiseer is deur die in migrasie van swartmense en die uitbeweging van witmense uit voormalige 'wit' woongebiede. Aan gesien die volgende sensus eers weer in 2011 gehou gaan word, sal daar noodwendig tot dan gewag moet word alvorens die aard en omvang van verandering sedert 2001 bepaal kan word. Teen dan behoort die hui dige ontluikende patrone ook duide liker vasgelê te wees.

## BIBLIOGRAFIE


BADENHORST, M. S. 2002. Cities in the suburbs: an exploratory look at Pretoria east as an emerging edge City. *Town and Regional Planning*. No 46. pp. 60-69.

BADENHORST, M..S. 1987. *Die residen siële struktuur van die metropool: 'n sosiaal ruimtelike vertolking van die Suid Afrikaanse geval*. Ongepubli seerde D.Phil proefskrif. Johannes burg: Randse Afrikaanse Universiteit.

BADENHORST, M. S. 1978. *Die invloed van afstand op die vestiging van beroepsgroepe in Pretoria*. Ongepu bliseerde M.Phil skripsie. Johannes burg: Randse Afrikaanse Universiteit.

BERRY, B. J. 1973. *The human con sequences of urbanization*. New York: St Martin's Press.

CDE (CENTRE FOR DEVELOPMENT AND ENTERPRISE). 1998. *Pretoria: from apartheid's model city to a rising African star?* Johannesburg: Centre for Development and Enterprise.

CHRISTOPHER, A. J. 1991. Port Elizabeth. In: Lemon, A. (Ed). *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Cape Town: David Philip.

CHRISTOPHER, A. J. 1984. *South Africa: the impact of past geographics*. Cape Town: Juta & Company.

COOK, G. P. 1991. Cape Town. In Lemon, A. (Ed). *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Cape Town: David Philip.

DEAR, M. 2005. Los Angeles and the Chicago School: invitation to a debate. In: Kleniewski, N. (Ed). *Cities and society*. Padstow, Cornwall: Blacwell Publishing Ltd.

DPC (DEVELOPMENT PLANNING COMMISSION), 1995. Photostat copies.

DSOB (DEPARTEMENT STAATKUNDIGE ONTWIKKELING EN BEPLANNING). 1986. *Witskrif oor verstedeliking*. Pretoria: Staatsdrukker.

HERBERT, D. T. & JOHNSTON, R. J. 1976. An introduction: spatial processes and form, In: Herbert, D. T. & Johnston, R. J. (Eds). *Social areas in cities: spatial processes and form*. London: John Wiley and Sons.

LEMON, A. 1991. The apartheid city. In: Lemon, A. (Ed). *Homes apart: South Africa's segregated cities*. Cape Town: David Philip.

MORRIS, P. 1980. *Soweto*. Johannes burg: Perskor.

OLIVIER, J. J. & HATTINGH P. S. 1985. Die Suid Afrikaanse stad as funksioneel ruimtelike sisteem met besondere verwysing na Pretoria, In: Van Jaarsveld, F. A. (Red). *Verstedeliking in Suid Afrika*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

PR3/1985. *Verslag van die Komitee vir Staatkundige Aangeleenthede van die Presidentsraad oor 'n verstedeliking strategie vir die Republiek van Suid Afrika*. Kaapstad: Staatsdrukker.

SCHOONRAAD, M. D. 2004. *Unintended consequences: the mismatch between urban planning and implementation and inequality in the City of Tshwane Metropolitan Municipalty*. Unpublished PhD thesis. Delft, The Netherlands: Technische Universiteit van Delft.

SMITH, D. M. 2003. Urban fragmen tation, inequality and social justice: ethical perspectives. In: Harrison, P. Huchzermeyer, M. & Mayekiso, M. (Eds). *Confronting fragmentation: housing and urban development in a democratic society*. Landsdowne: University of Cape Town Press.

SSA (STATISTICS SOUTH AFRICA). 1996. *Census 1996*. Pretoria. Statistics South Africa.

SSA (STATISTICS SOUTH AFRICA). 2001. *Census 2001*. Pretoria. Statistics South Africa.

VAN DER MERWE I. J. 1993. The South African city in relation to international city form. *Development Southern Africa*, 10(4), pp. 481--496.

VAN DER MERWE, I. J. 1983. *Die stad en sy omgewing: inleiding tot neder settingsgeografie*. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.

WESTERN, J. 1981. *Outcast Cape Town*. Cape Town: Human & Rousseau.

YEATES, M. & GARNER, B. 1976. *The North American city*. (Second Edition). New York: Harper and Row Publishers.